

Skriflesing: Efesiërs 3: 1 – 13Teks: **Efesiërs 3:5, 12****Sing: VOORAF SANG (INTROITUS): Ps. 145:1,3,12****TYDENS EREDIENS: Ps. 25:1,4; Ps. 9:1,12,13; Ps. 25:2,6; Sb. 1-1 (24): 4,7****Efesiërs 3: 1 – 13****Eph 3:1** Daarom bid ek vir julle wat nie Jode is nie, ek, Paulus, 'n gevangene deur my diens aan Christus Jesus.**Eph 3:2** Julle het tog seker gehoor van die opdrag wat God in sy genade aan my gegee het in julle belang.**Eph 3:3** Hy het sy geheimenis deur 'n openbaring aan my bekend gemaak, soos ek dit hierbo kortliks beskrywe het,**Eph 3:4** en as julle dit lees, sal julle 'n begrip kry van my insig in die geheimenis van Christus.**Eph 3:5** **Nog nooit tevore in die geskiedenis is die geheimenis aan die mensdom bekend gemaak soos God dit nou deur die Gees aan sy heilige apostels en profete geopenbaar het nie.****Eph 3:6** En dit is die geheimenis: deur die verkondiging van die evangelie en in hulle verbondenheid met Christus Jesus, word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus, en kry hulle ook saam met ons deel aan wat God belowe het.**Eph 3:7** Van hierdie evangelie het ek 'n dienaar geword, 'n voorreg wat God in sy genade aan my gegee het deur sy krag in my te laat werk.**Eph 3:8** Hoewel ek die geringste van al die gelowiges is, het Hy aan my hierdie voorreg gegee om aan die heidennasies die evangelie van die onpeilbare rykdom van Christus te verkondig.**Eph 3:9** Ek moet aan almal bekend maak hoe God, die Skepper van alle dinge, nou sy verborge plan uitvoer nadat Hy dit deur al die eeue geheim laat bly het.**Eph 3:10** Maar nou het God die ryke verskeidenheid van sy wysheid deur die kerk bekend laat word aan elke mag en gesag in die hemelruim,**Eph 3:11** soos Hy Hom van ewigheid af al voorgeneem het om dit deur Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring.**Eph 3:12** **In ons verbondenheid met Hom en deur ons geloof in Hom kan ons met vrymoedigheid en vertroue na God gaan.****Eph 3:13** Daarom bid ek dat julle nie moedeloos word omdat ek om julle ontwil ly nie. Julle moet dit eerder as 'n eer beskou.**Skriflesing:** Efesiërs 3: 1 – 13Teks: **Efesiërs 3:5, 12****Sing: Sing: VOORAF SANG (INTROITUS): Ps. 145:1,3,12****TYDENS EREDIENS: Ps. 25:1,4; Ps. 9:1,12,13; Ps. 25:2,6; Sb. 1-1 (24): 4,7**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, hoeveel vrymoedigheid is daar in jou en my, ja in watter

mate vertrou ons werklik genoeg op die Here om werklik met vrymoedigheid na Hom toe te

gaan. Ook in hierdie jaar wat dit lyk daar so baie dinge teen ons draai. So baie dinge wat ons

onseker maak, dinge wat my laat wonder maar waarom is ek nog hier, waarom is ek hier in

Postmasburg? Deel van hierdie kerk, deel van 'n gemeenskap wat (so lyk dit vir my) deur 'n

bankrot munisipaliteit en 'n verergerde wisselvalligheid in ons kerk-wees al meer en meer

geteister word. Is ons verbondenheid met God die Vader, ons geloof in Jesus Christus en die

vrymoedigheid wat ek alleen deur die Heilige Gees kan verkry om na God te gaan werklik vir

my nog die groot aansporing om kerk van die Here te wees en te wil wees? Paulus stel in vers

13, direk na ons teksverse vandag die oproep dat ons nie moedeloos moet word nie. Hy maak dit

deel van sy gebed: *Daarom bid ek dat julle nie moedeloos (moet) word nie...*

In ons reeks uit Efesiërs is dit reeds die tweede maal dat Paulus in sy skrywe oorgaan na gebed. 'n Gebed wat ons DV meer volledig by sal kom as ons 'n volgende keer hoofstuk 3 vanaf vers 14 verder vat. Vandag gebeur eintlik iets merkwaardig.

Paulus gee te kenne dat hy eintlik al in die begin van die hoofstuk tot gebed wil oorgaan. Tog net voor hy begin bid dan is dit asof hy deur God se genade en grootheid en goedheid oorweldig word. Hy wil nog net weer iets baie duidelik maak voor hy kan begin bid. En dit wat maak dat hy selfs sy gebed eers bietjie aanskuif beskou hy as 'n geheimenis wat ons die waarde daarvan nie mag geringskat nie. Mag hierdie geheimenis ons vandag ook nog weer aangryp as dit direk aansluit by wat Paulus as van die grootste bekendmakings, of ons kan dit ook seker noem van die grootste openbarings wat hy wat Paulus is ooit in sy lewe kon aanskou en beleef.

Hoe God mense bymekaar kan bring is al die wonder van sy Kerk. Die kerk wat 'n vergadering is van mense wat glo. Mense wat uit hulleself nooit sou geglo het as God hulle nie gekies, verlos, gemerk en verseël het in wat hoofstuk 1 al so 'n belangrike deel van God se werk is. Hoofstuk 2 se uitgangspunt was ek mens, ons almal mense van verskillende karakters en soorte en mense uit alle volke het niks om uit onself op te roem nie. Die dood sou oor ons almal geheers het, ja die dood was eintlik maar ons natuurlike koers. Ons verdien uit onself nie alleen om liggaamlik dood te gaan nie, maar dit wat ons verdien, ja ons eintlike verdienste is die ewige dood. Ek verdien nie om te mag lewe nie, om van die ewige lewe nie eers te praat nie. Daaraan sou ek nie eers kon dink nie wat nog om uit myself daarvan te mag praat.

In hfst. 2 verwys Paulus aan die einde van vers 3 dat ons *was van nature kinders van die toorn*. Toorn wat in die Grieks dui op woede. As ons praat van toorn dan is dit baie keer by ons sondige onbeheersde emosie. Dit is 'n emosie van iemand wat kwaad is. God se toorn is beslis heel anders. As Paulus na homself en na ons as mense kyk en hy noem ons *van nature kinders van die toorn*, dan gaan dit oor God se heilige reg. Die reg wat alleen God toekom om ons te straf oor die sondes wat uit 'n onbekeerde hart voortkom en waarmee die mens nie wil ophou nie. Ongehoorsaamheid wat in so baie gevalle geen grense ken nie. Die mens wat net daarmee aanhou en aanhou. Ons sinne en begeertes was vanuit die staanspoor met wat die sondeval was gewoon sleg en boos en vol kwaad. Die Kategismus sien die mens se treffend raak, dis asof ons

'n kopskoot geskiet word as Sondag 2 V/A 5 ons vra of ons die Wet wel kan nakom. Die tragiese antwoord wat ons antwoord moet wees, **dat ek is van nature geneig om God en my naaste te haat ...** Sondag 3 volg dit ook vinnig op as daar vanuit die mens weer hersien en gevra word - **Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?** Al antwoord wat u en ek kan gee is 'n beskamende JA ...

As ek na myself kyk, ek kyk na wat ek al oor ander mense gedink het, oor ander mense gesê het, oor ander mense hulle die kwaad en die haat en die vuil van hierdie wêreld toegewens en toegesê het, dan sê ek JA,... ja uit myself kom niks goed nie. Ek is uit myself glad nie daartoe in staat nie, ek is wel tot alle kwaad geneig, dis ek wat uit myself van nature geneig is om God te haat en my omgang met ander mense bewys eintlik baie keer my haat teenoor God. Hoe daar dikwels teenoor ander mense opgetree word en hoe daar teenoor ons omgewing opgetree word, is in so baie gevalle eenvoudig 'n geval van ek mors dit op. Die gemors in die dorp en rondom die dorp, die vullis wat niemand opgeruim kry nie, (sal dit in hierdie lewe ooit opgeruim kan word) is die spieël van die wêreld wat so baie mense hulle eie gemaak het en hulle hulself in die vullis moet raaksien. Dis geen geheimenis nie, die vuil van die mens en van die wêreld, ook ons omgewing rondom Postmasburg is gewoon iets om te aanskou.

Maar geliefdes nou kom Paulus by wat ons verlede Sondag al by moes vassteek en dis asof Paulus vandag net nog 'n keer daarby vassteek dat hyself sy eie gebed onderbreek as dit wat God doen net nog dieper in hom deurbreek. Ons sien die vuil en die dood en my natuurlike boosheid maar wat God doen, kan nie altyd gesien word nie. So baie kere is ons geneig om wat God doen nie te wil sien nie, maar dis asof Paulus besef kom ons praat oor God se werk. Kom ons dit wil raaksien! In hoofstuk 2 het Paulus al sulke betekenisvolle gevolgtrekkings oor die Kerk van die Here kon maak. Dit wat God in die stilte (kan ons ook sê in die geheimenis heelyd mee besig is). Te midde van al die sonde en boosheid gee God aan alle gelowiges 'n besonder plek by Hom. Hy doen dit ter wille van ons omdat ons sy kinders in Christus Jesus is. Ek lees een besondere vertaling wat ook uit die Grieks gedoen is, dalk ietwat meer modern vertaal waar dit oor die Kerk gaan (hfst. 2:10): *Want ons is sy meesterstuk, geskep in Christus Jesus vir uitnemende projekte wat God voorberei het, dat ons dit sal uitvoer.* Dan kom Paulus in hoofstuk 2 by die volgende besondere werk van God wat ons moet aangryp. God maak sy Kerk 'n nuwe

mensheid. Joodse en heidense gelowiges word nou een. Weer iets wat alleen God kan doen. Ons moet dit weereens vertolk as iets van God se meesterlike werk. Besnedenes of onbesnede, in die Jode se oë twee uiters teenoorgestelde groepe wat geen mens kan sien dat hulle ooit bymekaar sou uitkom nie. Wat nog te sê dat hulle één sou word. Onmoontlik sou die mens moet sê. Tog het Christus die vyandskap wat tussen die twee groepe bestaan het, ja dit was soos 'n middelmuur van skeiding net al sterker en hoër kon word, Christus het eenvoudig in sy krag gedoen dit wat hfst. 2 vers 14 ons verlede Sondag ook al duidelik laat hoor het. *14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het* (lees ons in die ouer vertaling). Die wat vêr was, het naby gekom, Christus se bloed bring bymekaar, Hy is ons vrede, want daar is net een Christus en in Hom maak Hy ons een. Ons is dit reeds maar ons moet dit ook al meer word. As ons die ware Kerk vandag die nuwe mensheid noem, wat God alleen kon skep dan is dit tog net logies ook ek en jy moet nuwe mense kan wees, so anders as die mens wat ons uit ons natuur was. In Christus moet ek vandag kan sê ek is reeds 'n nuwe mens, in beginsel wil ek reeds die ewige lewe begin uitleef al maak die wêreld dit nie maklik nie.

Hoofstuk 2 werk met nog 'n verdere dimensie, nog 'n dieper saak dat God wil jou as deel van sy huisgesin maak. Die fundamente is gelê, daar kan reeds daarop gebou word, ons as die huisgesin van God leef naby God en leef naby mekaar. Paulus stapel hierdie begrippe op as hy in ons bymekaarbring, vyf metafore noem, hy noem vyf dinge wat jou naby God en naby mekaar moet uitbring. Hy praat van ons as medeburgers, as 'n huisgesin, 'n gebou (werklik 'n lewende gebou), 'n tempel, 'n geestelike huis (kyk weer na verse 19-22 van hfst. 2). God woon tussen ons, dit is wat ons getuienis aan die hele mensdom moet wees. God doen dit nie, maar ter wille van Homself of ter wille van sy Kerk nie, maar God wil ook dat sy teenwoordigheid in die wêreld sigbaar sal word. Dat dit ook in die wêreld gesien mag word, dat dit in die wêreld 'n uitwerking mag hê sodat die wat uitverkies is maar nog nie bekeer is nie ook nader gebring sal word. Die tyd en die getal moet vol word ... Ons moet God se roepstem hoorbaar laat hoor aan hulle wat moet hoor. Al sal die meerderheid nie hoor nie, mag ons nie ophou om hulle wat nader moet kom nader te roep nie. Sendingwerk, evangelisasiewerk mag nooit ophou nie! Ons gebed vir groei, ook diep geestelike groei moet hier geskied maar vir die kerk in Groenwater moet ons net soveel wil bid soos hier vir mekaar gebid moet word. En dis waarom hfst. 3 eintlik iets van

'n aangrypende sluitstuk, ja iets van die groot legkaart van God se plan met sy Kerk moet ek healtyd mee besig wees.

Paulus noem dit vandag iets van 'n geheimenis wat oor gepraat moet word. Ek sien dit nie met die oog nie, maar tog moet ek dit wil raaksien. Ek moet dieper, verder wil kyk as wat my oë kan sien. Paulus besef maar God het dinge kom verander en God sal nie ophou om die verandering wat nodig is aan te bring nie. Dit wat God begin het hou Hy nie mee op nie. God maak sy werk klaar en nog weer sal God klaarmaak wat Hy begin het. Die wêreld is God se werkplek en God se kerk is Sy werkbank. Jy word uit die wêreld gehaal en God bring jou na sy werkbank, jy word deel van God se kerk gemaak wat daar groot dinge gebeur het en ook nog weer sal gebeur.

Ons moet die verbande healtyd raaksien. Hoofstuk 2 se einde en hoofstuk 3 se begin is soos twee groot dele van 'n legkaart reeds inmekaar geskuif. Hoofstuk 2 se einde het gehandel oor daardie hegte eenheid wat daar in ons kerk-wees moet wees. God het die kerk in Christus herskep om nuut te lewe. Daar was nog altyd kerk van God. Dwarsdeur die Ou Testament was God met sy Kerk besig en met sy Kerk op pad. Ja alles wat met Israel te doen gehad het en wat God met hierdie volk van Hom laat gebeur en laat toekom het, was kerk-werk! Dis in baie opsigte asof die woestynreis vanuit Egipte na die beloofde land net nog nooit weer kon ophou nie. Ook as Hosea later profeteer en Hy praat van die Christus dan sê God deur die profeet – *Uit Egipte het Ek my Seun geroep ...*

God se roepe deur sy Seun moet by jou 'n vrymoedigheid bring om met vertrou en met geloof aan te hou om die evangelie se groot geheimenis met alle mense te wil deel sodat as hulle dit moet verstaan dit ook sal kan verstaan. Vir baie mense sal hierdie geheimenis eintlik maar klink na loutere snert maar vir hulle wat moet hoor, sal die ore op die tyd soos deur God bepaal wel tog oopgaan. Watter voorreg dat ons ook hierdie geheimenis nie moet probeer ontrafel nie, maar dat God dit sommer vir ons gewoon oopmaak. Dit gebeur met ons soos Paulus in vers 3 (van hfst. 3 sê) dit met hom gebeur het. Uit die Grieks lees ons dit meer letterlik *dat aan my by wyse van 'n openbaring die verborgenheid bekend gemaak is ...* Paulus se openbaring is dit wat hy hier skrywe, die openbaring aan ons is dit wat ons nou hier kan lees. Al praat Paulus drie keer van 'n geheim (vv 3,6 en 9) dan is die geheim nie 'n onbekende en bedekte misterie nie, maar in

Christus het die muur van skeiding so radikaal gebreek dat die gevolge van wat Christus nou deur sy Gees en Woord jou met groot vrymoedig oor wat nou bekend is, moet laat praat. Moet nie nou meer daarvoor wonder of God uit alle volke vir Hom 'n volk versamel nie. Jy moet dit eenvoudig aanvaar en verkondig dit aan alle mense.

Iets van die geheim se deurslaggewende inhoud is dat die evangelie is vir mense van alle volke. Dink u dit in as dit nie so was nie. Hoe tragies sou dit wees vir ons die Afrikaner-volk, 'n volk eintlik eers in die 17 de eeu begin vorm, dit het beslis nie oornag gebeur dat aan die suidpunt van Afrika 'n volk uit ander volke gevorm, Duitsers, Franse, Friese, Nederlanders, Engelse, Skotte, Iere, hoeveel mense nog uit Europa en Groot-Brittanje hier moes kom. Ons kon word 'n volk, ja God se werk dit wat die Afrikaner is, ons wat met die Jood en die 12 stamme van Israel geen fisiese verband vorm nie, maar God beskou ons van geen kleiner belang en maak 'n deel van die Afrikaners van geen kleiner belang as wat bv. die stam van Juda vir Hom werd was nie. Daardie Man uit die stam van Juda gebore, die Man deur die Jode verag, die meerderheid daar het Hom verag, op Hom gespoeg, Hom geslaan, Hom gekruisig, hulle wou Hom breek, maar intussen is hierdie Man van God, Jesus Christus met sy eie breekwerk besig. Terwyl Hy nog aan die kruis was, begin dit te breek, die aarde het gebreek ja, die son verduister en die groot breek kom in die tempel. Die voorhangsel skeur van bo na onder. Inderdaad 'n breek van bó en so breek Hy inderdaad die middelmuur van skeiding dat geen Jood, geen Israeliet vandag vir jou kan sê ek is in God se oë belangriker as jy wat nie 'n Jood is nie.

Inteendeel ons kan vir die Jood sê as jy nie in Christus glo nie, jy is nie deel van God se nuwe mensheid nie, jy het nie deel aan God se liggaam, sy Kerk, van Wie Christus die Hoof is nie dan is jy Jood net soveel verlore soos die hardste heidene en ongelowiges wat reeds verlore is. Dit moet ons ook vir ons volksgenote sê dat jy Afrikaner wat jousef so belangrik wil ag, sommige roem selfs dat ons die Gelofte van 1838 as ons uitverkore status moet beskou, maar geliefdes hoe swaar dit ook mag wees, sê dit vir jou mense dat as ek nie in Christus is nie, ek is nie deel van die nuwe volk, die nuwe mensheid in Christus nie, dan is jy nie gered nie. Laat die geheimenis tot almal deurdring. Dit wat Efesiërs 3 vers 6 tog nie moeilik maak om te verstaan nie - *En dít is die geheimenis: deur die verkondiging van die evangelie en in hulle verbondenheid met Christus Jesus, word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van*

die liggaam van Christus, en kry hulle ook saam met ons deel aan wat God belowe het. Hierdie is God se geheimenis in sy inhoud maar ook in sy oordrag. Ons moet dit eenvoudig oordra. As ek dit vir myself probeer hou dit wat die enigste boodskap van redding kan wees, hoe maklik kan ek myself dan nie 'n voorwerp van God se oordeel maak nie. Ek noem myself dalk nog kerk maar ek is dit nie as ek nie besef die kerk waarin God my geplaas het, is inderdaad belangriker as die volk waarin God my geplaas het. As daar met die volk gewerk word dan moet die volk bereid wees om die ware Kerk se belange te dien en juis nie andersom nie! Van 'n volkskerk lees ons nêrens in die Nuwe Testament nie, wel van volke wat hulle tot God se Kerk moet voeg. Ons moet word die nuwe Israel is hoe Paulus ons elders tipeer as hy van God se kerk praat. Die volk steeds met die woestynreis besig waar ek moet kom by Hom wat klaar uit Egipte geroep is en nou sit aan die regterhand van God.

As ons hierdie dinge duidelik maak dan besef ons hoe Paulus dit ook beklemtoon dat hy nie hier uit sy eie praat en uit sy eie optree nie. Hy noem homself in die opsig dit wat vers 1 reeds sê 'n gevangene van Jesus Christus. Ja, hy sit wel in die gevangenis as hy hier skrywe maar die Woord van God kan nie geboei word nie. Paulus maak dit duidelik dat selfs sy gevangenskap moet 'n bepaalde doel dien. God maak hom daar in die gevangenis 'n bedienaar van die genade van God al wil mense aan hom geen genade betoon nie sal hy aanhou om God se genade te verkondig.

Letterlik sê Paulus in die Grieks en ons kan dit ook so vertaal dat God hom 'n rentmeester van God se genade gemaak het. Om rentmeester te wees is altyd die erkenning dat ek is niks, aan my behoort eintlik niks, nie eers daardie stukkie grond waarin ek eendag begrawe gaan word nie, maar die lewe waarin ek nou lewe en die genade waaruit ek mag lewe behoort alles aan die Here. Ook jou banksaldo, jou skape, jou bokke, jou beeste, jou plaas, jou winkel, die masjiene, die tegnologie, alles is daar, maar dit behoort aan die Here. Die wetenskap en die ekonomie en dit alles wat die dinge werkbaar en leefbaar maak kom van die Here. Daarvoor moet ek dankbaar wees en deel van dankbaarheid is om te erken as ek nie vandag hier deel aan Christus kon kry nie, ek deel in sy liggaam, sy Kerk, daarom moet ek bereid wees om die beste wat ek het te offer. Ek offer dan my hart, hoekom dan nie die deel van my beursie wat in alle geval aan Hom behoort, as erkenning, alles kom van die Here af, soos wat ons weet ook as dit nou weer mag

reën, dit kom van die Here af. Die droogte wat lank met ons praat, swaar met ons praat, moet nie dink dis maar net 'n natuurverskynsel nie. Jy maak dan die fout van jou lewe! Die heidense kore het te veel ons musiek begin word, maar draai 'n slag om en besef die hemelse kore het 'n ander boodskap. Die kore wat wil hê jy moet hier in die kerk wees, jy moet wil deel in die troos van God se geheimenis dat daar met vrymoedigheid na God gegaan kan word. Dat daar inderdaad vrylik toegang tot God is, dat ek sy lof kan besing. Die verskriklike van die laaste ses maande moet vir ons wees dat my afwesigheid is afwesigheid van lof aan God wat ek mee moes saamsing maar ek doen dit nie. Terwyl ons wat hier is laat ons dit ook vir mekaar sê: Laat sy troonkamer die skatkamer van jou hart wees. 'n Skat wat ons weer moet wil gaan soek, soos die gelykenis van Jesus ons leer. Die man wat alles los, om die een skat te soek, die man wat alle grond opkoop, dit ter wille van daardie een skat. Bly by die besef die wêreld is God se werkplek en die Kerk sy werkbank.

AMEN